# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XXIII, No. 908 18 AUGUSTUS 1939 AAN DIE HOOFPOSKANTOOR GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD PRYS 4d.


## DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD

DIT is verblydend om telkens op te merk hoe diep die skoonheidsgevoel in die hart van die Afrikanervolk gewortel is, ondanks die feit dat daar vir geslagte 'n onafgebroke stryd gevoer moes word op die voorposte nie alleen nie, maar ook teen magte wat gevaarliker is en dieper in sy bestaan ingryp as die natuurkragte, waarvan hy ten minste die oorsaak kan begryp en die uitwerking kan waarneem. Trouens, in 'n land waar die hulpbronne waarvan die plattelandse bevolking vir sy voortbestaan afhanklik is so skraal is as in Suid-Afrika, sal 'n groot deel van die volk altyd gevaar loop om in die stryd om te bestaan sy gevoel vir die skone te laat verstomp.

Maar gelukkig het Suid-Afrika gesorg vir die bewaring van die ingebore skoonheidsgevoel en kunssin by sy kinders. Dit is so taai as die saadjies van sy veldgewasse in die dorre streke van die land. Jare lank sal dit daar soos 'n woestyn uitsien, maar na die eerste reën verskyn daar soos met 'n towerslag 'n weelde van kleur en skyn dit onmoontlik dat die land ooit 'n woestynagtige voorkoms kon gehad het. Net so is die skoonheidsgevoel — 'n mens kan dit die kiem noem van alle kultuuruitinge — in die Afrikanersiel bewaar. Dit wag net op 'n geskikte geleentheid om weer voor die dag te kom. Dink maar aan die pragtige kunsvoorwerpe wat die Boerekrygsgevangenes tydens hul ballingskap vervaardig het. Baie van hierdie mense sou waarskynlik geglimlag het as iemand voor die oorlog die mening uitgespreek het dat hulle kunsgevoel of enige aanleg vir die vervaardiging van kunsvoorwerpe besit. Maar toe die geleentheid hom voordoen, het menige vrywel ongeletterde persoon 'n kunssin aan die dag gelê wat ontwikkelde mense eenvoudig verbaas het.

Ook vandag sien ons iets dergeliks wanneer ons maar net die geleentheid daarstel vir die publiek om sy talente te beoefen. Daarin lê die betekenis van die verskillende kunsverenigings wat in die laaste jare oral in die land opgerig is. Ons moet net die geleentheid daarstel vir die sluimerende talente van die volk om tot openbaring te kom. Dit is weliswaar in die eerste plaas die plig van die samelewing om die geleenthede vir kunsuiting daar te stel; maar in 'n eeu wat vereis dat die hoofnadruk op ekonomiese oorwegings gelê word, is dit die plig van die publiek om die aanvullende werk te doen. Daarom is dit so noodsaaklik dat daar organisasies soos die Afrikaanse Eisteddfod bestaan.

Hierdie vereniging, wat op 18 deser met sy vyftiende reeks jaarlikse kunswedstryde 'n aanvang neem, het sedert sy ontstaan tot een van die belangrikste organisasies van sy soort in die land ontwikkel. Dwarsdeur die depressiejare is die werk met onvermoeide ywer deur 'n aantal vrywillige helpers voortgesit, en jaar na jaar is daar vooruitgang bespeur. Slegs een jaar — in 1932 — is daar nie 'n volle program van werksaamhede uitgevoer nie. Maar belangriker nog as die vooruitgang wat daar in die vereniging se werksaamhede te bespeur is, is die feit dat dit kleiner plekke geïnspireer het om ook soortgelyke kunswedstryde te hou.

Ons hoef nie te beklemtoon wat deelname aan die wedstryde vir die jeug veral beteken nie. Hulle word hier geleer nie alleen om ons volk se kunsskeppers se werk te ken en te waardeer nie, maar veel belangriker nog is die inspirasie wat dit meebring en die ontwikkeling van die sluimerende kunsgevoel in die hart van elke mededinger. Ons is oortuig daarvan dat elkeen wat aan sulke wedstryde meedoen 'n ondervinding ondergaan wat vir sy of haar geestelike lewe van blywende waarde is. Die omvang van die werksaamhede moet ook nie getoets word aan die getal deelnemers wie se name in die boeke van die Eisteddfod aangeteken is nie. Daar word weke en maande voor die aanvang van die wedstryde voorlopige toetse in die verskillende skole in die Skiereiland en in dié van die omliggende dorpe gehou, sodat daar in die meeste gevalle alleen uitgesoekte kandidate optree. Waar daar dus miskien 'n vyftienhonderd inskrywings ontvang word, word daar etlike duisende persone deur die werksaamhede van die Eisteddfod geraak.

Ons het in 'n vorige nommer melding gemaak van die vertrek van mnr. Rode, wat jare lank as sekretaris van die Eisteddfod opgetree en aan die vereniging onskatbare dienste bewys het. Gelukkig kon die bestuur dadelik die dienste verkry van iemand wat in die verlede die Eisteddfod in dieselfde hoedanigheid en op ewe bekwame wyse gedien het — mev. B. Barnard, voor haar huwelik mej. Essie Malan. Ons glo nie dat daar 'n beter keuse gedoen kon gewees het nie, en waar ons haar terug verwelkom, wil ons tewens ook 'n woord van waardering rig aan die ou staatmakers in die bestuur, en met name aan die voorsitter, mnr. J. B. Bonthuys, wat al soveel jare lank die werksaamhede van die Eisteddfod op so 'n bekwame wyse lei. Ook wil ons die donateure bedank, wat dit deur hul geldelike bydraes andermaal moontlik gemaak het om die werk voort te sit.

Ten besluite wil ons 'n beroep op die publiek doen om nie sy verpligtinge teenoor die Eisteddfod te vergeet nie. In die verlede het dit meermale gebeur dat daar by die voorlopige toetse net 'n aantal van die bestuurslede en die enkele ou staatmakers aanwesig was. Dit is nie alleen die bietjie toegangsgeld wat ons graag wil hê nie, maar veeleer die bewys van persoonlike belangstelling, wat per slot van rekening van nog groter waarde is, veral vir die deelnemers, as die onontbeerlike geldelike steun.

## ELISIESE HERINNERING

*Die kamer om ons koel blou duisternis,*
*jou asemtogte ruisend sag en rustig.*
*Dit skyn of niks jou stoor, geen droefenis,*
*want ongenaakbaar lyk jy en so heilig;*
*dan raak my palme huiw'rend aan jou wang*
*. . . . 'n ligte trilling oor jou wimperpaar:*
*jou oë groot en droef, staar diep en lang.*
*Ek voel hoe heel jou wese myne vul*
*en jy uiteindelik jou oë sluit*
*in hoogste saligheid, deur die nag omhul.*
*Tot 'k nors en oud my lewe traag afsluit*
*sal jaar na eensaam jaar dit by my bly:*
*hoe nou jou warm jong lippe wagtend beef,*
*hoe vol en ryp jou liefde was vir my,*
*hoe jy in my en ek in jou kon leef.*

J. NEL.

## Dr. H. C. M. FOURIE †

DIE heengaan van dr. H. C. M. Fourie, leraar van die Ned. Hervormde gemeente Groot-Marico, is nie alleen 'n groot verlies vir die kerkorganisasie waartoe hy behoort het nie, maar dit sal ook deur die ander Afrikaanse kerkgenootskappe diep betreur word. Want deur sy werk as Bybelvertaler het hy ook as kerkman vir hom 'n blywende plek verower in die herinnering van die Afrikanervolk. In die Hervormde kerk het hy baie groot invloed gehad, nie alleen vanweë sy bekwaamheid nie, maar ook omdat hy algemeen bemind en 'n man van rotsvaste beginsels was. Hy was 'n kragtige maar eenvoudige prediker en het in sy gemeente opgetree as vriend en raadgewer van almal.

Hy was 'n knap geleerde met 'n buitengewone talent om tale aan te leer. Saam met die inboorling-

(*Vervolg op bladsy 95.*)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012